

23 Januarie

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:5-10
Fokusgedeelte: Openbaring 19:7, 9**

Die heerlikste huweliksfees ooit! Die bruilofsmaal van die Lam.

'n Troue is 'n feesgeleentheid! Dit is die tyd waarna die bruid en bruidegom vir so lank al vooruit beplan en na uitgesien het. Daar heers groot opgewondenheid en afwagting by al die familie en vriende, die genooides.

Weet jy, vir ons wat glo, wag daar dié huweliksfees van alle feeste – die bruilof van die Lam, waar ons tegelyk bruid en gaste is. Om hierdie rede roep 'n hemelse stem alle verlostes, gelowiges klein en groot, op om God te loof en prys. Halleluja! Loof die Here! Waarom? God heers as Koning en die bruilof van die Lam het aangebreek. God beheer alles en almal in die hele skepping. Hy het die Lam, sy Seun Jesus Christus, vir jou gestuur.

God se innige verhouding met ons, word voorgestel as 'n huwelik. Veel inniger en heerliker as die gelukkigste huwelik op aarde. Dit dui op sy groot liefde vir ons. So lief het Hy ons dat Hy Christus gestuur het, sodat ons gered kan word. Daarom is die bruilofsmaal van die Lam die hoogtepunt in die geskiedenis van die mens. Vir jou gee dit die versekering dat Christus sy lewe vir jou gegee het sodat jy vir ewig kan leef.

Ons is die bruid, maar ook die gaste. Ons is geseënd. Daar is nou al die heerlike verhouding met Christus in ons lewens. Ja, selfs in die moeilikste omstandighede op aarde. Maar daar wag vir jou iets nog veel heerliker, die volle heerlikheid van die ewige lewe.

Geniet die 150-jarige fees met groot dankbaarheid voor God. Wees klein voor God! Sien ook met groot afwagting uit na die bruilofsmaal van die Lam.

Sing: Skrifberyming 18-3:1, 8, 9

Ds W Vogel (Cachet)

